# DIE SKIETLOOD

238e Uitgawe 16 Mei 2025
saam met Koersvas 238

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.

**HEIDELBERGSE KATEGISMUS**

**Teks**

**Vraag 7: Waar kom hierdie verdorwe natuur van die mens dan vandaan?**

**Antwoord: Van die val en ongehoorsaamheid van ons eerste ouers, Adam en Eva, in die paradys. Daar het ons natuur so verdorwe geraak dat ons almal in sonde ontvang en gebore word .**

**Kommentaar:** deel drie

Na die vrae oor erfsonde en die oorsprong van sonde, moet ons sekerlik vra; "wat is sonde?"

Sonde is iets wat die Goddelike Wet (Wet) breek of teenoor die Wet staan. Dit is nie net die breek van die Wet nie, dit is ook om nie in lyn met die Wet nie op te tree. Hierdie oortreding kan gewoon 'n tekort (defek) wees, 'n neiging of 'n direkte aksie wees. Enige van hierdie aksies of toestande mik implisiet daarop om God se heerlikheid aan te tas aan en verdien die ewige toorn van God. Net genade in Sy Seun kan ons daarvan red. Selfs die gebrek aan geregtigheid is binne hierdie definisie sonde.

Hierdie gebrek aan geregtigheid kan gesien word as die aard van sonde, terwyl neigings en aksies die vergestalting is van hierdie gebrek aan geregtigheid. In kort kom dit alles neer op die Wet teenstaan. Hierdie teenstand loop uit op skuld, 'n skuld wat weens God se geregtigheid straf in tyd en ewigheid verdien. So gesien kan die mens van hierdie telkens groeiende dubbele las, te wete teenstand teen die Wet en skuld, net deur genade van buite gered word. Dit word deur die Seun vermag.

Die gebrek aan geregtigheid (sonde) tas die mens in sy volle wese aan. Na die verstand kom dit uit in onkunde en twyfel betreffende God en Sy wil. Na die hart kom dit te voorskyn in die gebrek aan liefde vir God en die naaste, die afwesigheid van vreugde vind in God en die gebrek aan 'n brandende begeerte om God in alle sake te dien en te gehoorsaam. Die blote gebrek aan regte optrede is met ander woorde al tekenend van sonde.

Dit is met hart en verstand wat die mens die Wet teenstaan; die onwillige hart en die gebrekkige oordeel van die verstand wil nie onderskei tussen behoorlik en nie behoorlik nie. Begeerte dryf die mens daartoe om te vermy dit wat God wil en te strewe na die verbode dinge. Hoe weet ons dat dit die geval is?

Die Wet van God roep ons tot liefde en verbied tegelyk sekere dinge. Daarmee saam vind ons dwarsdeur die Skrif getuienis dat enige optrede teenstrydig met die Wet van God boos is. Hierdie boosheid is nie ekstern tot die mens nie, maar bruis uit hierdie eie bronwel op. Romeine 7:7 "*Wat sal ons dan sê? Is die wet sonde? Nee, stellig nie! Inteendeel, ek sou die sonde nie anders as deur die wet geken het nie; want ek sou ook die begeerlikheid nie geken het nie as die wet nie gesê het: Jy mag nie begeer nie.*" 1 Korintiërs 2:14 "*Maar die natuurlike mens neem die dinge van die*

*Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word"* Genesis 6:5 *"Toe die HERE sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart bedink, altyddeur net sleg was".* Die lyding en dood van babas wys dat hierdie dood van die sonde reeds in hulle teenwoordig is. Sou die mens *tabula rasa* (skoon bladsy) in die wêreld kon kom, sou die verwagting wees dat babas immuun teen die dood sou wees. Anders gestel; dood en sonde is onlosmaaklik aan mekaar gekoppel. Wanneer babas sterf, is dit tragies. Tog is dit bewys dat die sonde die hele menswees deursuur het. Ons word in sonde gebore, **as** sondaars gebore.
Die beswaar mag dalk wees dat sekere dinge onvermydelik is of dalk dinge is wat ons nie wil doen nie. Sodanige beswaar maak nie erns met die aard van sonde nie. Sonde is teenstand teen God se wil, ongeag die gewaande intensie van die oortreder.
Die verwysing na gewaande intensies moet verder verduidelik word. Die mens wat dink hy/sy wil iets goed doen, en dan ook binne daardie raamwerk iets goed doen, vergeet dat daar net een goed is, en dit is om na God se Wet en Wil te vra. Bloot die gedagte dat "ek iets goeds wil doen" is weerstand teen die soewereine wil van God. "Ek" wil iets doen, is om God tweede te plaas.
Daar word na erfsonde, oorspronklike sonde en oersonde verwys. Hierdie is nie terme wat net verwys na 'n enkel daad of gebeurtenis in die verlede nie, dit verwys na die huidige stand van die mens.

Beweeg ons na die verlede, is daar soveel vrae. Van die eenvoudige vraag oor die aard van die vrug, tot die verskil tussen teoretiese en praktiese kennis. Ons kan nie weet of die vrug uniek was, of dalk net een boom (byvoorbeeld appels, vye, dadels) tussen baie was nie. Daarmee saam weet ons nie of die verdere toets was of die mens vrede sou hê daarmee dat God vir hom besluit oor wat goed en sleg is nie. Die kennis van goed en kwaad was by God gesetel en die mens se gehoorsaamheid was in fokus.
Ons weet wel dat dit 'n absolute toets van gehoorsaamheid was. Die aard van die verbod was gemik op gehoorsaamheid. "Jy mag nie" word nie gevolg met motivering of rasionalisering nie, die dood as gevolg van ongehoorsaamheid word feitelik deurgegee.
Die wesensaard van die eerste sonde ontbloot die deurlopende tema van menslike opstandigheid, van die mens wat homself teenoor God stel. Die mens wat self wil besluit, bepaal en beheer. Die mens wil die spilpunt wees. Selfs die vertelling van die eerste opstand vertel van Toetser en die mens wat God as onredelike tiran wil voorstel. Die mens neem op homself eie regte en wil dan in eiegeregtigheid self besluit – "*van die boom van alle kennis mag jy nie eet nie*" word, in die vrou se weergawe uitgebrei tot "*en ons mag dit nie aanraak nie*"
Die mens se trots, die mens se eie wil, die mens se begeerte om soos God te wees, self god te wees loop uit in ongehoorsaamheid en die ongehoorsame genoegdoening van die verbode vrug eet.

Uit die vertelling van die eerste oortreding is daar ‘n paar gevolgtrekkings te maak:

1. Die wêreld is meer kompleks as wat ons sou wou, daar is ook ‘n vyandige teenwoordigheid in hierdie heelal; noem hom die bose een, slang, toetser, die duiwel of iets anders, dit is meer as net die verpersoonliking van die bose.

2. Die Versoeker gaan die weg van minste weerstand volg. Adam as die hoof van die verbond gaan die opdragte met groter erns beskou. Die vrou het die opdrag rakende die boom se vrug indirek gekry en sou derhalwe nie so geset wees op gehoorsaamheid nie. Tog sou die vrou die een wees wat die maklikste toegang kon kry tot die eensame Adam.

Twyfel is een van die effektiewe instrumente in die hande van die Toetser. Deur die saad van twyfel te plant, het hy die proses begin. Die vrou is gelei om te twyfel oor die aard van die opdrag en die intensies van God met hierdie verbod. Die vraagteken is die teken van twyfel. Is God se verbod nie dalk ‘n miskenning van die mens se regte en vryheid nie?

Sonde is soos die demoon in die woestyn; Legio. As multidimensionele entiteit neem sonde verskillende vorme aan, met verskillende intensiteite, met uiteenlopende oorspronge en resultate. Sommige oortredings word willens en wetens gepleeg. Ander word in onkunde gedoen. Ons plaas te min of te veel klem op ‘n saak. Ons laat na om iets te doen, ons oortree in swakheid. Sommige oortredings word onwillig gepleeg, dinge wat ons nie wil doen nie, maar weens omstandighede moet ons kies tussen twee slegte dinge en kies dan die minste kwaad, daar is situasies waarin óns nie iets kan kies wat geen kwaad tot gevolg het nie.

*Die volgende uitgawe van Die Skietlood sal vir oulaas stilstaan by die mens se sondige wese.*